

# DIE FEES VAN EPIFANIE

## DIE OPENBARING VAN DIE HERE

Hierdie is een van die oudste feeste in die Kerk en dit span as't ware die kroon op die Kerstyd. Die Seun van God is 'n teken van hoop en verlossing vir alle volkere op aarde, 'n ster in die nag. Die besoek van die Wyse Manne, oftewel sterrekenners, aan die stal in Bethlehem, waar hulle hulde bring aan die Jesuskind, versinnebeeld die menslike wysheid van die Ou Wêreld wat voor die waarheid van God neerbuig.

© Die Oratorium Uitgewery